http://socialwork.journals.ac.za/

http://dx.doi.org/10.15270/40-1-355



*Green S, Luitjies R, Strydom M & Williams RC*

# BELEID VIR MIDDELMISBRUIK IN HOËRSKOLE

*Prof Sulina Green is die Departementele Voorsitter en Raelene Luitjies, Marianne Strydom en Rochelle Williams is junior lektore in die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Stellenbosch.*

## ABSTRACT

Substance abuse amongst the youth is a growing concern in South Africa. There is also a need for schools to formulate a policy and to design programmes to deal with substance abuse in schools. The aim of this paper is to present some of the perceptions of learners on the relevance of formulating a policy for substance abuse in a school. The rest of the paper is devoted to a problem-solving model which can be used in the process of policy formulation. Recommendations are made that can be used by schools when formulating a policy for substance abuse.

## INLEIDING

Middelmisbruik is een van die grootste maatskaplike- en gesondheidsprobleme in Suid–Afrika wat deur middel van voorkomings- en intervensieprogramme hanteer behoort te word. Beide die Staat, vrywillige welsynsinstansies en ander rolspelers in gemeenskappe is verantwoordelik vir die inisiëring en die implementering van sodanige programme. Die toename in middelmisbruik deur leerders en die bekommernis daaroor word in die literatuur (Brown, 1998; Terblanche & Venter, 1999; Fisher & Harrison, 2000) gerapporteer.

In beleidsdokumente (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997; National Drug Master Plan, 1998) word beklemtoon dat skole ’n beleid vir middelmisbruik deur leerders behoort te formuleer. Hierdie beleidsbepalinge het ’n skool in die Wes-Kaap Provinsie gemotiveer om in samewerking met die Departement Maatskaplike Werk van die Universiteit van Stellenbosch ondersoek in te stel na leerders se siening oor en hulle houding teenoor die moontlike implementering van ’n beleid vir middelmisbruik.

## METODE VAN ONDERSOEK

As gevolg van die beperkte kennis oor beleid vir die hantering van middelmisbruik in skole, is ’n verkennende en beskrywende studie (De Vos, 2002) onderneem. Al die leerders in graad 8, 9, 10, 11 en 12 wat op twee bepaalde dae aanwesig in die skool was, is deur middel van ’n gerieflikheidsteekproef (Babbie & Mouton, 2001) by die ondersoek betrek. ’n Totaal van 918 leerders het aan die ondersoek deelgeneem. Self-geadministreerde vraelyste is deur die leerders onder die toesig van vierdejaarstudente van die Departement Maatskaplike Werk van die Universiteit van Stellenbosch voltooi.

## BELEIDSFORMULERING VIR MIDDELMISBRUIK IN SKOLE

Een van die belangrikste redes vir die instel van ’n middelmisbruikbeleid in hoërskole is omdat drankmisbruik by adolossente alreeds volgens Gouws, Kruger en Burger (2001:174) op 14-jarige ouderdom begin. Aangesien die meeste leerders op hierdie ouderdom die hoërskool betree, is dit vir skole noodsaaklik om die verskynsel van middelmisbruik met beleid te probeer reguleer. ’n Middelmisbruikbeleid in skole sal derhalwe die kontrolering van middelmisbruik vir die skool moontlik maak.

Volgens die National Drug Master Plan (1998:11) kan die probleem van middelmisbruik deur opvoeding hanteer word. Indien skole ‘n ooreenkoms met leerders, ouers en opvoeders sluit, sal dit

http://socialwork.journals.ac.za/

http://dx.doi.org/10.15270/40-1-355

skole instaat stel om op te tree teenoor leerders wat middels misbruik in die skool. Die daarstel van ’n middelmisbruikbeleid in skole behels die identifisering van riglyne vir besluitneming oor ’n spesifieke aangeleentheid, soos byvoorbeeld middelmisbruik (Gil, 1990). Die identifisering van riglyne vereis egter kennis oor en begrip vir die probleem ten einde gemeenskaplike riglyne vir alle persone wat deur die beleid van middelmisbruik in skole geraak word, daar te stel.

Indien ’n instansie ’n beleid wil formuleer is dit nodig om bepaalde riglyne te volg (Gil, 1990). Bekende skrywers in Maatskaplike Werk soos Perlman (1957) en Compton en Gallaway (1999) het die maatskaplike werk professie bekend gestel aan die aard en inhoud van die probleem-oplossende proses. McInnes-Dittrich (1994:100) het die volgende vyf probleemoplossende stappe, wat ooreenstemmend is met die probleemoplossende proses, geïdentifiseer vir die formulering van beleid.

- Assesseer die probleem;
- Oorweeg alternatiewe aksies;
- Ontwikkel ’n plan van aksie;
- Implementeer die plan van aksie; en
- Evalueer die beleidsformuleringsproses.

Vir die doel van hierdie studie is McInnes-Dittrich (1994) se model vir beleidsformulering benut, aangesien die model fokus op die daarstel van maatskaplike beleid, wat ten doel het om menseverhoudinge en samelewingstrukture te reguleer, soos in die geval van middelmisbruik deur hoërskoolkinders.

Volgens McInnes-Dittrich (1994:101) is die eerste stap by die formulering van ’n beleid, probleemassessering. Dit het behels dat ’n behoeftebepaling gedoen is om die omvang van die probleem te bepaal ten einde die noodsaaklikheid van ’n beleid te assesseer. Omdat die skool ’n misbruikbeleid wou ontwikkel, is die probleem geassesseer met behulp van vraelyste. Leerders se siening oor middelmisbruik is bepaal en sodoende is daar genoegsame en relevante inligting bekom oor die omvang en aard van die probleem rakende middelmisbruik in die skool.

Met behulp van die inligting wat bekom is, kan alternatiewe aksies oorweeg word en doelwitte geïdentifiseer word wat tot aksie omskep kan word om die probleem van middelmisbruik deur leerders te hanteer. Doelwitte wat onder andere geïdentifiseer kan word behels dat ’n ooreenkoms onderteken moet word deur die skool, ouers en leerders, waarin die reëls van die skool oor middelmisbruik uiteengesit word. In die ooreenkoms moet die aksies van die skool rakende die hantering en voorkoming van middelmisbruik ook vervat word.

Wanneer ’n plan van aksie ontwikkel word, moet die beste moontlike opsies wat gevolg kan word om die beleid te implementeer geïdentifiseer word. Hierdie plan verskaf rigting om doelstellings wat gestel is vir die hantering van middelmisbruik te bereik (McInnes-Dittrich, 1994:101). Aangesien Drugsonline (2000:3) van mening is dat skole en ouers moet saamwerk om die middelmisbruik probleem te hanteer, behoort die skool in die ontwikkeling van ’n plan van aksie ouers te betrek by die opstel van ’n middelmisbruikbeleid ten einde die suksesvolle implementering daarvan te waarborg. Ouerbetrokkenheid sou verkry kon word deur gereelde vergaderings te hou waartydens insette van die ouers verkry kan word ten einde konsensus oor ’n plan asook die implementering daarvan te bereik. ’n Duidelike tydsraam vir die implementering van die plan moet opgestel word.

Met die implementering van die aksieplan vereis die probleemoplossende benadering dat die doelwitte wat tydens die behoeftebepaling geïdentifiseer is, omskep sal word in spesifieke take. Dit sal behels dat ouers en die skool konsensus sal bereik oor prosedures wat gevolg sal word by

http://socialwork.journals.ac.za/

http://dx.doi.org/10.15270/40-1-355



die aanvang van ’n ooreenkoms oor middelmisbruik van leerders. Indien laasgenoemde take uitgevoer word, sal die doelwitte bereik word (McInnes-Dittrich, 1994:100).

Ten slotte is dit nodig om beleidformuleringspogings te evalueer ten einde te bepaal of dit volhoubaar en uitvoerbaar is, asook aanvaar word deur die betrokke partye (Gil, 1990). Vir die doel van evaluering kan die plan van aksie ses maande nadat dit geïmplementeer is, ondersoek word om te bepaal of die doelwitte bereik is of nie (McInnes-Dittrich, 1994:101). Terugvoer vanaf ouers en leerders sou by wyse van ’n opname verkry kon word om hulle tevredenheid oor die aanvaarbaarheid van die middelmisbruikbeleid te bepaal.

## STRATEGIEË VIR IMPLEMENTERING VAN MIDDELMISBRUIKBELEID

Volgens Edmonds en Wilcocks (1994:66) dien die middelmisbruikbeleid in skole as vertrekpunt vir die strategie om middelmisbruik in skole te hanteer. Die outeurs (Edmonds & Wilcocks, 1994:67) beklemtoon vervolgens dat die mees omvattende voorkomingstrategieë, ’n lewensvaardigheidsprogram behoort te wees, wat leerders in staat sal stel om die eise van die lewe te hanteer. Die inhoud van ’n goeie lewensvaardigheidsprogram behoort feitelike inligting oor alkohol en dwelms en ook oor die hantering van die volgende kwessies waarmee kinders van verskillende ouderdomme te doen kry, te vervat:

- probleemoplossing- en besluitnemingsvaardighede om leerders se vertroue te bou;
- woordklarifikasie om te verseker dat hul gedrag in ooreenstemming is met interne waardes;
- uitbreiding van kommunikasievaardighede; en
- die bevordering van leerders se selfkonsep.

Vervolgens is dit noodsaaklik om ouers se deelname aan die formulering van ’n middelmisbruik-beleid te verkry. Opleiding van opvoeders en ouers is onder andere belangrike strategieë wat benut kan word ter bekamping van die probleem. Onderig aan opvoeders en ouers sal verseker dat hulle bewus sal wees van die simptome van middelmisbruik, asook in staat sal wees tot die identifisering van verskillende tipes middels. Dit moet egter beklemtoon word dat ouers net so ’n belangrike rol as die skool speel in die voorkoming van middelmisbruik (Edmonds & Wilcocks, 1994:225).

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat lewensvaardigheidsopleiding noodsaaklik is en deel moet vorm van ’n beleid vir middelafhanklikheid in hoërskole. Beide ouers en opvoeders moet betrek word by sodanige beleidsformulering en die implementering van die beleid, sodat leerders by ’n holistiese voorkomingsprogram betrek word. Skole sal ook die gemeenskapsbronne wat hulle kan benut in die ontwikkeling van ’n lewensvaardigheidsprogram moet ken en identifiseer.

## BEVINDINGE VAN DIE ONDERSOEK

Die vernaamste bevindinge van die kwantitatiewe studie wat verband gehou het met aspekte van die assesseringsfase van die beleidmakingsproses, word vervolgens aangebied.

### Profiel van ondersoekgroep

Die profiel van die ondersoekgroep word in Tabel 1 weergegee.

**Tabel 1: Geslag**

| | |
|---|---|
| Manlik | 426 |
| Vroulik | 492 |
| **Totaal** | **918** |

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/40-1-355

Die huistaal van die leerders blyk uit Tabel 2.

**Tabel 2: Huistaal**

| | |
|---|---|
| Afrikaans | 361 |
| Engels | 502 |
| Ander | 55 |
| **Totaal** | **918** |

Die meerderheid van die leerders (739 of 80,5%) het aangetoon dat hulle lid van 'n kerk of godsdienstige groep is.

Soos blyk uit Tabel 1 en Tabel 2 het die leerders 'n diverse groep hoërskoolleerders verteenwoordig.

## Aangaan van middelmisbruik-ooreenkoms met leerders en ouers/voog

Verskeie vrae is aan leerders gestel rakende die instel van 'n middelmisbruikbeleid in die betrokke skool. Die vernaamste bevindinge word in Tabel 3 aangebied.

**TABEL 3**
**LEERDERS SE MENING OOR 'N MIDDELMISBRUIK-OOREENKOMS EN AKTIEWE DEELNAME AAN VOORKOMING**

| Mening van leerders | JA | | NEE | | ONSEKER | | NIE GEANTWOORD | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dink jy die skool behoort 'n middelmisbruikooreenkoms met 'n leerder en die leerder se ouers/voog aan te gaan? | 414 | 45,10% | 247 | 26,91% | 246 | 26,80% | 11 | 1,20% |
| Dink jy die skool behoort 'n middelmisbruikooreenkoms met 'n leerder aan te gaan? | 480 | 52,29% | 219 | 23,86% | 214 | 23,31% | 5 | 0,54% |
| Sou jy bereid wees om aktief deel te neem aan die voorkoming van middelmisbruik? | 384 | 41,83% | 256 | 27,89% | 270 | 29,41% | 8 | 0,87% |
| Sou jy bereid wees om aktief deel te neem aan die voorkoming van middelmisbruik mits jou identiteit onbekend bly? | 416 | 45,32% | 263 | 28,65% | 233 | 25,38% | 6 | 0,65% |

N = 918

Respondente se gevoel of daar 'n middelmisbruik-ooreenkoms met leerders en hul ouer/voog aangegaan moet word, is getoets. Soos blyk uit Tabel 3 is die meeste leerders (414 of 45,10%) se mening dat 'n middelmisbruik-ooreenkoms oorweeg moet word. Dit is 'n aanduiding dat leerders meer openlik oor middelmisbruik met hulle ouers en die skool wil wees, asook dat daar beslis 'n

http://socialwork.journals.ac.za/
http://dx.doi.org/10.15270/40-1-355


positiewe houding teenoor die daarstelling van 'n beleid bestaan. Hierdie bevinding stem ooreen met die siening wat Drugsonline (2002:2) handhaaf naamlik dat beleid oor middelmisbruik in skole leerders enersyds bewus sal maak van middelmisbruik en andersyds bevorderlik sal wees vir hulle gesondheid. Dit is opmerklik dat dit na vore gekom dat daar wel 246 (26,80%) leerders was wat onseker oor hierdie kwessie was. Dit kan wees vanweë die feit dat leerders wel ten gunste is van 'n middelmisbruik-ooreenkoms, maar verkies dat hul ouers/voog nie betrek moet word nie.

## Aangaan van middelmisbruik ooreenkoms met leerders

Respondente moes aandui of hulle ten gunste daarvan was om 'n middelmisbruik-ooreenkoms met die skool aan te gaan. Die resultate was dat die oorgrote meerderheid ( 480 of 52,295%) leerders ten gunste daarvan was dat die skool 'n middelmisbruik-ooreenkoms met 'n leerder aangaan (sien Tabel 3). 'n Afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat leerders positief ingestel is teenoor reëls wat sal geld, ten opsigte van middelmisbruik in skole. Die bevinding staaf dus die uitgangspunte van die National Drug Master Plan (1998:11) wat voorstel dat skole oor maatreëls behoort te beskik wat middelmisbruik beheer.

## Leerders se gewilligheid om aktief deel te neem

Nadat die leerders se mening oor die instel van 'n middelmisbruikbeleid verkry is, is hulle gevoelens oor betrokkenheid by die voorkoming van middelmisbruik getoets.

Dit is in die eerste plek van die leerders verwag om aan te dui of hulle bereid sal wees om aktief deel te neem aan die voorkoming van middelmisbruik. Response was dat die meerderheid (384 of 41,83%) bereid was om aktief deel te neem aan die voorkoming van middelmisbruik in skole (sien Tabel 3).

Die respondente is voorts versoek om aan te dui of hulle ten gunste is van aktiewe deelname aan die voorkoming van middelmisbruik, mits hul identiteit onbekend gehou word. Die resultate soos blyk uit Tabel 1 was dat 416 (45,32%) respondente positief hierop reageer het.

Hierdie positiewe response van die leerders bevestig Brown (1998) se siening dat voorkomende strategieë in werking gestel behoort te word in die vorm van lewensvaardigheidsprogramme. Voorts behoort hierdie programme die nodige inligting oor dwelms te bevat en ook kwessies wat jongmense op sekere ouderdomme deurgaan te hanteer. Indien skole oor lewensvaardigheidsprogramme beskik wat leerders sal opvoed oor middelmisbruik, sal leerders aangemoedig kan word om aktief deel te neem aan die voorkoming van middelmisbruik.

## Gevolgtrekkings en aanbevelings

Op grond van die resultate van die studie word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

- Die meerderheid van die leerders is positief ingestel teenoor die aangaan van 'n middelmisbruik-ooreenkoms met die skool, sowel as met hulle ouers of voogde.
- Ten opsigte van hulle betrokkenheid by die voorkoming van middelmisbruik, blyk die leerders wel bereid te wees om deel te neem aan die voorkoming van middelmisbruik.

Aangesien die skool met hierdie ondersoek die houdings en siening van die leerders oor 'n middelmisbruik-ooreenkoms wou bepaal, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Die skool moet saam met die leerders en die ouers 'n plan van aksie ontwikkel vir die formulering van 'n beleid en 'n middelmisbruik ooreenkoms. Die beleid moet jaarliks geëvalueer word.

http://socialwork.journals.ac.za/

http://dx.doi.org/10.15270/40-1-355

- Die skool behoort aan te dui watter maatreëls ten opsigte van die aanbied van lewensvaardigheidsprogramme ingestel sal word, ten einde leerders te bemagtig en om voorkomend op te tree met betrekking tot middelmisbruik in skole.

## BIBLIOGRAFIE


BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. **The practice of social research**. Cape Town: Oxford University Press. (South African edition)

BROWN, J.M. 1998. **Adolessente probleme in 'n hoër sosio-ekonomiese gemeenskap: 'n maatskaplikewerk-perspektief**. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (MA-tesis)

COMPTON, B.R. & GALAWAY, b. 1999. **Social work processes**. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

DE VOS, A.S. (ed) 2002. **Research at grassroots. A primer for the caring professions.** Pretoria: J.L. Van Schaik.

Drugsonline: 2000. Toevlug Rehabilitasie Sentrum.
Beskikbaar:http//www. Balance your life. A Guide for holistic School drug policy.co.za.

EDMONDS, E. & WILCOCKS, L. 1994. **Teen drug scene South Africa**. Pinegowrie: Aspen Oak Associates.

FISHER, G.L. & HARRISON, T.C. 2000. **Substance abuse**. (2nd ed) London: Allyn & Bacon.

GIL, D.G. 1990. **Unravelling social policy**. Rochester, Vermont: Schenkman Books, Inc.

GOUWS, E.; KRUGER, N. & BURGER, S. 2001. **The adolescent**. (2nd ed) Sandown: Heinemann Publishers (Pty) Ltd.

McINNIS-DITTRICH, K. 1994. **Integrating social welfare policy and social work practice**. Pacific Grove, California: Brooks/Cole.

PERLMAN, H.H. 1957. **Social casework. A problem-solving process**. Chicago: University of Chicago Press.

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA. 1998. **National Drug Master Plan**. Cape Town: Tuinhuys, Office of the President.

SUID-AFRIKA. DEPARTEMENT WELSYN. 1997. **Witskrif vir Maatskaplike Welsyn**. Pretoria: Staatsdrukker.

TERBLANCHE, S.S. & VENTER, D. 1999. Drug abuse among high school pupils. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 35(2):161-179.